**Donderdag 22 Januarie:** Die meerderheid van Taiwan se bevolking beoefen ’n mengsel van Taoïsme, Boeddhisme en tradisionele Chinese godsdiens, en daar word duisende gode reg oor die land aanbid. FEBA Taiwan se uitsendings in Taiwanees en Hakka word al hoe meer gewild – die aantal potgooi-luisteraars het in een jaar verdubbel! Bid dat FEBA Taiwan se programme blywende vrug sal dra.

**Vrydag 23 Januarie:** Suid-Korea het van die hoogste selfdoodsyfers onder ontwikkelde lande. Die stigma rondom geestesiekte is nog so erg dat dit mense weerhou van hulp soek. Bid dat mense hoop in die evangelie sal vind deur FEBA Korea se uitsendings, en dat hulle die moed sal kry om vir hulp te vra.

**Saterdag & Sondag 24-25 Januarie:** FEBA Radio SA ondersteun 12 radiostasies in ses Afrikalande, onder meer vier in die Sahel-streek, waar die Moslem-noorde die Christen-suide ontmoet. Al hierdie lande sukkel met armoede, sommige met hongersnood, en meeste met politieke onstabiliteit en geweldadige konflik. Bid vir dr Jurie Vermeulen, die nasionale direkteur, wat FEBA se sending in Afrika lei. Bid vir die spanne in Mosambiek, Malawi, Mali, Tsjad, Niger en Soedan. Vra dat hulle God se koninkryk en geregtigheid eers sal soek, en beloning vir hul werk sal sien.

**Maandag 26 Januarie:** Living Hope Radio (FEBA Soedan) deel die evangelie in ’n moeilik toeganklike gebied, waar konflik gedurig lewens eis. Die afgelope ses maande het sy uitsendings reeds ’n positiewe impak op luisteraars se lewens gehad deur gelowiges te bemoedig en nie-gelowiges na Christus te lei. Dank God vir Sy voorsiening en vra vir Sy beskerming oor die stasie en personeel.

**Dinsdag 27 Januarie:** ‘n FEBA-omroeper in Soedan sê: “Ek het gesien dat mense in Soedan honger is vir God se Woord, vir vrede en vir hoop. Selfs met beperkte toegang tot radio’s volg dié wat wel kan luister die programme getrou, en party neem hulle selfs op om later te luister.” Bid dat hulle gevul sal word met al die volheid van God.

**Woensdag 28 Januarie:** Bid dat Christus se volgelinge God se Woord sal gehoorsaam wat sê: “Lê daarom alles wat sleg is, en alle bedrog en geveinsdheid en jaloesie, en alle geskinder af, en smag soos pasgebore babatjies na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan groei, met die oog op julle verlossing, noudat ‘julle die goedheid van die Here gesmaak het’” (1 Petrus 2:1-3 Afr20).

**Donderdag 29 Januarie:** Bid vir Ayata en die FEBA Tsjad-span. Hulle deel getrou die Goeie Nuus in N’Djamena en omgewing, en bereik etniese mindersheidsgroepe in hul eie tale. Bid dat God hulle geloof sal versterk waar hulle weerstand ervaar, en dat hulle hul lewens sal leef, waardig voor die Here.

**Vrydag 30 Januarie:** Bid vir FEBA-luisteraars in Afrika wat teenstand kry weens hul geloof. Vra dat hulle sterk in hul geloof sal bly staan en hulle oë op die Vader sal hou, sodat hulle smart in vreugde kan verander en ander na Hom toe kan lei. Prys God vir Sy belofte om te voorsien aan dié wat op Hom vertrou.

**Saterdag & Sondag 31 Januarie – 1 Februarie:** In lande soos Oezbekistan en Tajikistan is evangelisasie so gevaarlik dat FEBA se omroepers hul identiteite geheim moet hou. In Kirgisië kommunikeer luisteraars heimlik met FEBA-spanlede, uit vrees dat hul families hulle sal seermaak of verwerp as die boodskappe ontdek word. Reg oor Sentraal-Asië word die evangelie met beide honger en weerstand begroet. Bid vir Rudi en Victor, wat FEBA se bediening in Sentraal-Asië bestuur, en vir die spanne – dat hulle krag sal ontvang om te volhard in geloof, hoop en liefde.

## Maak kontak met ons deur:

www.febaradio.co.za

+27 12 335 5708

+27 81 265 4801

Android
Download the App Now

FEBARadioSA

feba_radio_sa

FEBA RADIO SA
30 JAAR IN AFRIKA
TOTDAT ALMAL GEHOOR HET

FEBA Radio SA se Gebedsendelinge

# Saam in Gebed

## Januarie 2025

**Donderdag 1 Januarie:** Loof God vir ‘n nuwe jaar! Vanjaar vier FEBA Radio SA 30 jaar – en FEBC Internasionaal 80 jaar – van Christus aan die wêreld bring deur media. Vra vir Sy seën op elke FEBA-program, projek en veldtog hierdie jaar. Bid dat FEBA se personeel en luisteraars Sy wil sal ken en op ’n manier sal leef wat Hom waardig is.

**Vrydag 2 Januarie:** Het jy geweet dat FEBA meer as 42 miljoen aanlyn-luisteraars wêreldwyd het? Die internet en sosiale media maak daagliks nuwe deure oop om die evangelie met meer mense te deel, veral dié in vyandige omgewings. Bid dat God FEBA se sosiale mediabediening sal lei en dit met oorvloedige vrug sal seën.

**Saterdag & Sondag 3-4 Januarie:** Kom ons dra ons gesiggestremde broers en susters op Wêreld Braille-dag (4 Januarie), op in gebed. Vir baie blinde luisteraars, veral in arm lande, word radio ’n lewenslyn omdat hulle nie hul huise sonder hulp kan verlaat nie. Dié wat God se Woord nie kan lees nie, kan dit deur FEBA se programme en oudio-Bybels hóór, en wanneer hulle FEBA kontak, besoek opvolgwerkers hulle, indien moontlik. Bid dat elke gesiggestremde luisteraar God se liefderyke teenwoordigheid deur FEBA se programme sal ervaar.

**Maandag 5 Januarie:** FEBA Thailand se Kersveldtog, Give with Love, saai jaarliks duisende evangelie-saadjies en deel God se liefde met kinders deur geskenke. FEBA streef daarna om deur sy programme, elke saadjie wat gesaai is, nat te gooi. Vra dat God die groei sal bring en neem een minuut om vir een Thaise persoon se bekering te bid.

**Dinsdag 6 Januarie:** FEBA Kambodja het onlangs luistertoestelle vol evangeliese inhoud uitgedeel aan 250 soldate naby aan die Kambodja-Thailand grens. Later het een soldaat gesê: "Voorheen het ek min van Jesus geweet, maar nou kan ek Sy Woord hoor. Deur hierdie luistertoestel het ek al na baie bemoedigende boodskappe vol van God se liefde geluister." Bid dat hierdie soldate hul geloof in Christus sal plaas.

**Woensdag 7 Januarie:** "Here, U is my God. Ek verheerlik U, ek prys u Naam; want U het wonders gedoen – planne uit die verre verlede bestendig en betroubaar uitgevoer" (Jesaja 25:1 Afr20). Bid dat die Here se wil sal geskied en dat sy Naam hierdie jaar deur FEBA se werk verheerlik sal word.

**Donderdag 8 Januarie:** Suidoos-Asië het die afgelope twee maande verwoestende vloede deurgemaak. In dele van Thailand, Viëtnam, Indonesië, Mianmar en die Filippyne het baie mense hul wonings, en sommige hul geliefdes, verloor. Bid dat FEBA se uitsendings hulle sal wys dat God naby aan die gebrokenes is en hulle sal aanspoor om hul vertroue in Hom te plaas.

**Vrydag 9 Januarie:** Bid vir Noppakhun en die FEBA ELSEA-span (Ethnic Languages of Southeast Asia), wat meer as 20 taalgroepe in die berge van Suidoos-Asië met die evangelie bedien. Bid vir God se beskerming oor die spanne waar hulle ook al reis. Vra dat hulle Sy wil in alles sal soek en in geloof sal volhard, totdat almal gehoor het.

**Saterdag & Sondag 10-11 Januarie:** FEBA se bediening bereik miljoene Moslems in Afrika en Eurasië, en hoewel daar groot sukses is, is daar ook struikelblokke. Een daarvan is 'n tekort aan kerke waar Christene uit 'n Moslem-agtergrond welkom voel. 'n Tweede hindernis is dat sommige kerke so bang is vir vervolging dat hulle nie nuwe lede wil verwelkom nie. Bid dat God meer kerke vir gelowiges met 'n Moslem-agtergrond sal oprig en dat Hy kerke die moed sal gee om saam met FEBA te werk, om dissipels van nuwe gelowiges te maak.

**Maandag 12 Januarie:** Daar is sowat 20 miljoen Moslems in Rusland, wisselend van ekstremiste tot kulturele Moslems, en baie van hulle raak betrokke by FEBA se uitsendings. Bid dat Alexey en sy span God se leiding sal volg soos wat hulle programme vervaardig en in elke gesprek, sodat hulle die beste manier sal vind om die evangelie met luisteraars te deel.

**Dinsdag 13 Januarie:** Bid dat FEBA se Moslem-luisteraars die waarheid sal sien, soos dié een het: "Ek het nooit die Bybel gelees nie. Ek het nie eers gewees wat daardie vers is nie. Maar toe ek dit lees – 'geloof, hoop en liefde, en die grootste hiervan is liefde' – het ek in trane uitgebars. Ek het besef God het my geroep lank voordat ek Hom nog leer ken het."

**Woensdag 14 Januarie:** Ons gebed vir elke luisteraar wat sy vertroue in Christus plaas deur FEBA se uitsendings: "En mag God self, die God van vrede, julle in elke opsig heilig maak; en mag julle volledig na gees, siel en liggaam, vlekkeloos bewaar word, tot ons Here Jesus Christus kom. Hy wat julle roep, is getrou en sal dit doen" (1 Tessalonisense 5:23-24 Afr20).

**Donderdag 15 Januarie:** Islam is Maleisië se amptelike godsdiens en byna 64% van die bevolking beoefen dit. Dit is onwettig om die evangelie openlik te deel. Bid vir Jonathan en sy span, wat deur aanlynplatforms na Maleisiese Moslems uitreik. Vra dat God meer personeel sal stuur en mense sal inspireer om betrokke te raak by FEBA se inhoud.

**Vrydag 16 Januarie:** Bid vir FEBA se bediening onder die Yao Moslems in Malawi, Mosambiek, Tanzanië en Zambië. Vra God om luisteraars se harte voor te berei op die evangelie. Bid dat Pastoor Amos (Malawi), Bright (Mosambiek), hul spanne en luisteraars die diepte van Christus se liefde en die rykdom van God se voorsiening sal ken.

**Saterdag & Sondag 17-18 Januarie:** FEBA deel al vir 80 jaar die evangelie met Chinese mense, en die FEBC Chinese Bediening is groter as ooit. In 2024 is sy programme 88 miljoen keer afgelaai, en in 2025 het sy kweekskool al meer as 45 000 ingeskrewe studente. Tog steek die syfers af teen die verandering wat God in mense se lewens meegebring het. Bid dat Luke, Daniel en hul spanne in liefde en gebed gewortel sal bly terwyl hulle inhoud skep. Bid ook dat luisteraars die Goeie Nuus met oop harte sal ontvang.

**Maandag 19 Januarie:** In Japan is Januarie 'n maand vol feeste – meestal om Sjinto-tradisies te eer. Hoewel Sjintoïsme diep verweef is in Japannese kultuur, is jongmense toenemend oop vir die evangelie. Bid dat FEBA Japan die wysheid sal ontvang om elke geleentheid vir evangelisasie raak te sien, asook die krag om dit te benut.

**Dinsdag 20 Januarie:** Bid vir hierdie luisteraar in Japan, wat sê: "My dogter se siekte was jare lank vir my 'n las. Julle uitsending het my herinner dat alles deur God geskape is – Hy is in beheer van ons lewens en het ons lief sonder voorbehoud. Daardie woorde het my siel geraak en my laat besluit om my dogter te aanvaar nes sy is. Dank God dat ons nou vrygemaak is!"

**Woensdag 21 Januarie:** "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig." (Matteus 11:28-30 Afr83)